Sake Beeld
Jou wêreld, Jou koerant
Dinsdag 25 Julie 2006

Attfund mag maar

Die Mededingingskommissie het onlangs sy goedkeuring verleen aan een van die grootste eiendomstransaksies nóg in die land, Attfund se verkryging van die Cape Gate-kleinhandelprojek van R1,3 miljard.

Attfund is 'n ongenoteerde beleggingsmaatskappy met bates van R6 miljard.

Ander Attfund-beleggings sluit in die Clearwater Mall in Roodepoort, die Somerset Value Mart in Somerset-Wes en die Garden Route Mall in George.

Bieërs vir V&A tjoepstil oor hul bodbedrae

Elma Kloppers

Die wedloop om die V&A Waterfront in Kaapstad, die juweel in die Suid-Afrikaanse eiendomskroon, is gister onder 'n sluier van geheimhouding aan die gang gesit nadat die aanvanklike bodproses vir die tender gisteraand gesluit het.

Die verkoop van die eiendom kan tot die grootste kommersiële transaksie nóg in die land lei.

Belangstellende partye se lippe was gesnoer weens stewige mededinging van Suid-Afrikaanse maatskappye, sowel as die internasionale eiendomsarena.

Mnr Erwin Rode, eiendomswaardeerder en ekonoom van Rode & Genote, sê dit sal hom glad nie verbaas as Suid-Afrika se groot fondse toustaan vir die juweel nie. "Beter kan jy nie kry nie."

Sake het vertroulik verneem dat Attfund, Sycom en Atterbury 'n bod ingedien het en die grootste genoteerde eiendomsgroep in die land, Growthpoint, ook. Die bodbedrae is nie bekend gemaak nie.

Gerugte loop dik in die eiendomsmark dat die Openbare Beleggingskorporasie (OBK) ook tot die bodproses toegetree het, maar die onderneming wou gister geen kommentaar lewer nie.



Die V&A Waterfront in Kaapstad waarvoor beleggers in eiendom tou staan.

Dieselfde geld Ou Mutual Eiendomme, wat aangewys is om die waardasie-proses namens Transnet en sy pensioenfondse te hanteer. Die eiendomsreus wou geen woord rep oor die trofee-eiendom wat jaarliks sowat 22 miljoen besoekers lok nie.

Na bewering het 'n Kanadese pensioenfonds ook tot die wedloop toegetree.

Rode reken die verwagting is dat daar minder vir die bate betaal kan word as 'n tyd gelede. Hy sê as die V&A verkry word deur 'n koper wat dit noteer, kan geargumenteer word dat die koopprys effens afgedruk sal word deur die styging in rentekoerse. Private fondse sal waarskynlik nie geraak word deur rentekoerse nie, sê hy, behalwe in die geval van finansiering wat duurder sal wees.

Daar is vroeër in die mark bespiegel dat die V&A tussen R5 miljard en R7 miljard werd kan wees.

Transnet (met 'n belang van 26% in die Waterfront) en sy drie pensioenfondse - die Transnet Pensioenfonds (7,8%), die Transnet Tweede Vastevoordeelfonds (43,6%) en die Transnet Aftreefonds (22,6%) – het in Mei aangekondig dat tussen 74% en 100% van die totale aandelekapitaal in V&A Waterfront Holdings aan die hoogste bieër verkoop sal word.

Die grootste eiendomstransaksie nóg in Suid-Afrika was Attfund wat Cape Gate vir R1,3 miljard verkry het.